So is ons verraai (3)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.*

Verkrygbaar by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214. (die boek is tans net in Engels beskikbaar. 'n Afrikaanse weergawe sal binnekort verskyn).

Kulturele volksmoord volg op fisiese volksmoord

Milner wou alle spore van Afrikanerskap uitwis ("*wipe out all traces of Afrikaanderism*") en het 'n intensiewe program van verengelsing geloods. Aan die hoof van hierdie veldtog was Milner se "*Kindergarten*", 'n klompie toegewyde jong Engelse *Empire*bouer-administrateurs. Engels was die enigste voertaal in staatskole, waar Afrikaans (en enige iemand wat dit durf praat het), bespotlik gemaak is. Kinders is sterk geïndoktrineer om die tradisionele Boere-Afrikanerlewenswyse en -tradisies te versaak en die Engelse manier van dink en doen, aan te hang. In reaksie hierop het die Boere (met die bittereindergeneraal, Jan Smuts, aan die spits) hulle eie Christelike Nasionale Onderwys (CNO) skole tot stand gebring. Sonder enige staatsbefondsing en met brandarm ouers het hierdie skole 'n stryd om oorlewing gevoer. Baie min Boerekinders het — indien hulle hoegenaamd enige skoolopleiding ontvang het — selfs net laerskoolopleiding voltooi. Gedurende 1909 het slegs 26 Transvaalse Boerekinders vir die finale skooljaar, matriek, ingeskryf (*Van der Walt et.al.: 441; Giliomee: 225*).

Trustees vir die *Empire*: verraderlike Boereleiers

Genls. Louis Botha en Jan Smuts was aan die einde van die oorlog twee van die mees geëerde Boereleiers en het ná die oorlog steeds in statuur gegroei. As "bittereinders" is hulle saam met ander oorlogshelde soos genls. De Wet, De La Rey en Beyers feitlik verafgod. Wat die Boere nie besef het voor dit heeltemal te laat was nie, was dat beide Botha en Smuts die Boereideaal versaak, en volstoom gewerk het om die belange van die Britse *Empire* te bevorder. Presies wanneer hierdie kentering plaasgevind het, is nie seker nie, maar daar is rede om te glo dat dit selfs voor die einde van die oorlog begin het. Smuts was een van die Boereafgevaardigdes wat in 1902 by Vereeniging moes besluit of die stryd voortgesit moes word al dan nie. Hy het sonder om te blik of te bloos vir sy medeafgevaardigdes gelieg dat sy logistiese situasie so haglik was dat hy ten gunste van oorgawe moes stem (*Maritz: 62-63; Kestell & Van Velden: 61-63*).

Hierdie verraad was egter net die begin. Terwyl sy oorlogsmakkers onder die felheid van die na-oorlogse armoede en kulturele volksmoord gesteier het, was die meeste van hulle onbewus van die feit dat hulle bittereindergeneraal Smuts agteraf by Milner se *Kindergarten* aangesluit en agter die skerms hul *Empire*-bouprogram onderskryf het (Quigley: 79). So gou as wat Botha en Smuts se samewerking verkry is, het die Britte in 1906 aan die twee voormalige Republieke "verantwoordelike regering" status toegeken. Dit het tot die totstandkoming van politieke partye en regerings wat

© 2020

deur die Boere en Engelse verkies is, in Transvaal en die Oranje-Vrystaat gelei, hoewel hulle steeds onder Britse heerskappy gestaan het. Met die uitgedunde Boeregetalle na die oorlog en Milner se staatsondersteunde Britse immigrasiebeleid, was daar in daardie stadium ietwat meer Engelssprekende mans as die manlike Boere in Transvaal. Botha en Smuts het geen gras onder hul voete laat groei om na die Engelse kiesers te vry nie, terwyl hulle terselfdertyd op die louere van hulle "bittereinder" status by die Afrikaanssprekende gemeenskap gery het. Gevolglik kon hulle maklik as die leidende figure in die naoorlogse Transvaalse politiek na vore tree. Eers eenmaal in beheer in Pretoria, het hulle ware kleure spoedig gewys toe hulle hul steun aan die CNO skole onttrek het (*Hancock: 233; Giliomee "The Afrikaners": 265, 271; Van der Walt et.al.: 440-441*). Kort voor lank sou hierdie twee die ideaal van Boere-onafhanklikheid met dieselfde onversetlikheid en metodes as hulle Britse meesters beveg.

Unifikasie: "Suid-Afrika" word in 1910 geskep

Die Britte het reeds voor die Anglo-Boereoorlog daarna gestrewe om die Kaap, Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal in een land onder Britse gesag te verenig. Die Britse ideaal het natuurlik geen verband met die bevordering van die Boere se belange gehad nie, en hulle het hulle ewemin oor die beste belang van die swart inwoners van die subkontinent bekommer. Na afloop van die Anglo-Boereoorlog het Milner onmiddellik met dié skema voortgegaan. Smuts was reeds voor die oorlog ten gunste van unifikasie in Suider-Afrika. (*Giliomee: "The Afrikaners": 304*). Nadat Brittanje die oorlog gewen het, was daar net een vlag waaronder dit kon plaasvind, naamlik die *Union Jack,* en Smuts het een van die *Empire* se waardevolste werktuie geword om unifikasie teweeg te bring.

Die Britse oogmerk was om die verskillende gebiede onder Britse beheer te konsolideer. Uiteindelik het die leiers in die gebiede tydens 'n Nasionale Konvensie op 'n konstitusionele raamwerk ooreengekom. Dit is deur die Britse Parlement as die Suid-Afrika-wet 1909 gepromulgeer, en het op 31 Mei 1910 die grondwet van die Unie van Suid-Afrika geword. So het die twee voormalige Boererepublieke uiteindelik ook hul status as afsonderlike staatsentiteite verloor en saam met die Kaap en Natal in 'n enkele nuwe skepping onder die Britse Kroon, naamlik die Unie van Suid-Afrika, opgegaan (*Quigley: 73-79; Van der Walt et.al.: 467-477*).

© 2020